SURF
STELLENBOSCH UNIVERSITY RETIREMENT FUND | STELLENBOSCH UNIVERSITEIT AFTREDEFONDS

INHOUD

1. Voorsittersverslag
2. Aktuariële waardasie – 1 Januarie 2020
3. Reëlveranderings
4. Hoe het die markte gevaar gedurende die kwartaal tot 31 Desember 2020?
5. Beleggings van die Fonds
6. Beleggingsbeleidsverklaring
7. Veranderinge in aftree-hervorming – T-Dag vanaf 1 Maart 2021: Hoe raak dit jou?
8. Die inperkings het beklemtoon hoe belangrik dit is om vir tye van nood te spaar
9. Elektroniese voordeel- en projeksiestate
10. Bydraes tot die Fonds
11. Koste van risikovoordele
12. Die belangrikheid van 'n testament
13. Sanlam se aftreefonds-webwerf en app (toep) – jou toegang tot SURF
14. Bestuur van die Fonds
15. Finansiële advies beskikbaar vir lede van 53 jaar en ouer
16. Die diensverskaffers van die Fonds
17. Belangrike kontakbesonderhede

NUUSBRIEF FEBRUARIE 2021

1. Voorsittersverslag

Die COVID-19-pandemie het ons vrees laat ervaar, toe ons lewensonderhoud en lewens daardeur in gevaar gestel is; onsekerheid, toe ons nie geweet het wanneer finansiële verligting of 'n moontlike entstof beskikbaar sou wees nie; verligting, toe inperkings verslap is en nuwe entstowwe ontwikkel is; blydskap, toe ons ten volle van 'n infeksie herstel het; en hartseer, toe ons hegte vriende en familielede weens hierdie pandemie verloor het. Bowenal het 2020 gewys hoe veerkragtig en aanpasbaar ons as mense kan wees.

Finansiële markte het sedert April 2020 deurlopend herstel en SURF se portefeuljes het oor die afgelope 12-maande bevredigende resultate behaal. Terwyl die aanvanklike Amerikaanse stimuleringspakket van $900 miljard goedgekeur is, en die Brexit-ooreenkoms met die Europese Unie gefinaliseer is, kan dit belofte inhou vir verdere wêreldwye groei in 2021.

"T-Dag", wat na die verpligte annuïtisering van voorsorgfondse verwys, tree op 1 Maart 2021 in werking. Van hierdie datum af sal aftreevoordele uit voorsorgfondse/voorsorgbewaringsfondse dieselfde reëls hê as pensioenfondse. Lees meer in afdeling 7 oor hoe dit jou aftreevoordele in SURF sal raak.

Ons verstaan die behoefte by sommige lede wat 'n laer aftreebydraekoers moes kies, terwyl die pandemie 'n ongewenste finansiële las op baie van ons geplaas het. Terselfdertyd wil ons egter lede aanmoedig om hul bydraekoers tot SURF te verhoog namate hul finansiële situasie herstel. Deur meer en langer vir aftrede te spaar, kry lede die voordeel van saamgestelde rente plus uitstryking van die wisselvalligheid van opbrengste oor die kort termyn.

Die Fonds se aktuaris het gedurende die jaar die jaarlikse aktuariële waardasie van die Fonds soos op 1 Januarie 2020 gedoen. Die resultate het getoon dat die Fonds vir die oorsigtydperk 'n gesonde finansiële posisie gehandhaaf het.

Die Raad van Trustees het in die loop van 2020 geringe veranderings ondergaan: Prof. Pillay het as lidtrustee bedank en is deur Prof. Ajam as 'n volle lid vervang. Mnr. J.P. Steyn, van die Departement Besigheidsbestuur, wat tydens die vorige verkiesing van lidtrustees volgende op die lys was wat getal stemme betref, het 'n sekundus-lidtrustee geword.

Ten slotte wens ek almal 'n produktiewe en gesonde jaar toe, en ek hoop almal bly veilig.

Prof. Niel Krige
Voorsitter

2. Aktuariële waardasie – 1 Januarie 2020

Die Fonds se aktuaris het die jaarlikse aktuariële waardasie van die Fonds soos op 1 Januarie 2020 gedoen. Die resultate het getoon dat die Fonds vir die oorsigtydperk in 'n gesonde finansiële posisie verkeer het. Die Fonds se bates was toereikend om lede se fondswaardes asook die verskillende reserwes teen 'n befondsingsvlak van 100.01% te dek. Die aktuaris het bevestig dat die Fonds se beleggingstrategie toepaslik bly ten opsigte van die Fonds se lidmaatskapstruktuur en die verwagte termyn van die Fonds se verpligtinge. Die aktuariële waardasie is deur die Raad van Trustees goedgekeur en by die Gedragsowerheid van die Finansiële Sektor (FSCA) ingedien.

3. Reëlveranderings

In 2020 is die Fondsreëls om die volgende redes hersien:

- Om al die geregistreerde wysigings in een stel reëls te **konsolideer**.
- Die Fonds se **amptelike taal** van Afrikaans na Engels te verander.

- Om die **naam van die Fonds** van Universiteit van Stellenbosch Aftredefonds te verander na **Stellenbosch University Retirement Fund (SURF).**

- Om voorsiening te maak vir veranderings aan die bestaande bepalings van die huidige reëls, insluitend:
  - » Bywerking van die bewoording in ooreenstemming met die jongste veranderings in wetgewing, waar van toepassing;
  - » Vereenvoudiging van die bewoording om die reëls meer gebruikervriendelik te maak; bywerking of hernoeming van omskrywings, byvoeging van nuwe omskrywings en verwydering van omskrywings wat nie meer in die inhoud gebruik word nie; en
  - » Verbetering van die uitleg en vloei.
- Verdere wysigings is bygevoeg om die reëls in ooreenstemming te bring met huidige praktyk en vereistes van die FSCA en die belastingowerheid.

Die hersiene reëls is op 23 November 2020 deur die FSCA geregistreer en vir belastingdoeleindes goedgekeur.

4. Hoe het die markte gevaar gedurende die kwartaal tot 31 Desember 2020?

Markte het gedurende die vierde kwartaal oor die algemeen 'n hupstoot gekry danksy 'n kombinasie van faktore, waaronder die eerste fase om entstof in verskeie lande te ontplooi, die Amerikaanse Kongres se aankondiging van 'n stimuleringspakket van $900 miljard, asook die finalisering van die Brexit-ooreenkoms deur die VK en EU.

Hierdie risiko-verdraagsame omgewing het daartoe gelei dat ontwikkelde markte se aandele, soos gemeet deur die MSCI Wêreldindeks, met 14.1% in Amerikaanse dollar gestyg het oor die kwartaal. Die aandele van ontluikende markte het ook sterk gestyg en die MSCI Indeks van Ontluikende Markte het oor dieselfde tydperk met 19.8% in Amerikaanse dollar gegroei. Die rand het gedurende die kwartaal beduidend – met 11.9% – teenoor die Amerikaanse dollar versterk, as gevolg van 'n sterker aptyt vir meer riskante aandele. Dit het swakker buitelandse opbrengste in rand meegebring – die ooreenstemmende randopbrengste van die MSCI Wêreldindeks en die MSCI Indeks van Ontluikende Markte was onderskeidelik 0.4% en 5.4%.

Die plaaslike mark het oor 'n breë front sterk gestyg, aangevuur deur die wêreldwye risiko-verdraagsame omgewing, en die Beperkte SWIX het gevolglik met 11.5% gestyg oor die kwartaal. Wat die onderskeie aandeelsektore betref, was die finansiële sektor die sterkste presteerder, met 'n opbrengs van 19.5% oor hierdie tydperk.

Genoteerde eiendom was die bateklas wat die beste gevaar het oor die kwartaal. Die SA genoteerde eiendomsindeks het dié tydperk 22.2% hoër afgesluit. Oor 'n jaartydperk is genoteerde eiendom egter nog steeds 34.5% laer.

SA effekte het ook goed gevaar oor die kwartaal, namate koerse afgekom het. Die Indeks van Alle Effekte het oor dié tydperk 'n opbrengs van 6.7% behaal. In die wêreldwye risiko-verdraagsame omgewing was buitelanders weer eens kopers van Suid-Afrikaanse effekte met hoë opbrengste.

SA kontant, soos gemeet deur die STeFI Saamgestelde Indeks, het 'n kwartaalopbrengs van 1% aangeteken.

Die grafiese voorstelling hieronder toon die opbrengste van groot indekse in SA rand, oor verskillende metingstydperke tot 31 Desember 2020.

Groot indekse se opbrengste oor tydperke van tot 5 jaar



	SA Aandele (Beperkte SWIX)	SA aandele (CAPI)	SA eiendom	SA Kontant	SA Effekte	SA Infl. gek. Effekte	Int. Aandele Ontw.M	Int. Aandele Ontl.M	Int. Eiendom	Int. Effekte	Afrika ex SA aandele	USD / ZAR	Inflasie
3-maande	11.5%	10.6%	22.2%	1.0%	6.7%	5.5%	0.4%	5.4%	-0.1%	-9.5%	-0.8%	-11.9%	0.4%
1 jaar	0.6%	6.5%	-34.5%	5.4%	8.7%	3.9%	21.7%	24.3%	-3.6%	15.7%	0.5%	5.0%	3.1%
3 jaar	-1.5%	2.8%	-20.7%	6.6%	8.9%	2.1%	17.0%	12.4%	8.5%	11.1%	5.2%	5.9%	3.9%
5 jaar	3.2%	5.9%	-8.4%	7.0%	10.4%	3.0%	11.0%	11.6%	3.6%	3.7%	1.1%	-1.1%	4.6%

5. Beleggings van die Fonds

SURF bied jou 'n lewensfase-beleggingsportefeulje as verstekkeuse, waar jou geld in die Groeiportefeulje belê word totdat jy ouderdom 60 bereik. Vanaf ouderdom 60 word lede se geld outomaties uit 'n hoëgroei-/hoërisiko-portefeulje in 'n laegroei-/laerisiko-portefeulje ingefaseer oor 'n tydperk van ses jaar.

Volgens hierdie strategie word die fondswaarde vanaf 1 Januarie in die jaar waarin die lid 60 jaar oud word, uit die Groeiportefeulje na die Aggressiewe en Konserwatiewe Absolute Opbrengsportefeuljes oorgeplaas in gelyke dele, by wyse van 25 kwartaallikse oordragte. Dit sal tot gevolg hê dat die fondskrediet op die normale aftreedatum in gelyke dele (50/50) in die twee Absolute Opbrengsportefeuljes gehou word.

Afgesien van die verstek-beleggingstrategie, bied SURF ook ander beleggingsopsies aan lede vanaf ouderdom 53. Lede kan uit vyf beleggingsportefeuljes kies, naamlik:

- Groeiportefeulje (die verstek-beleggingsportefeulje tot ouderdom 60);
- Multi-bestuurde Aggressiewe Absolute Opbrengsportefeulje;
- Multi-bestuurde Konserwatiewe Absolute Opbrengsportefeulje;
- Kapitaalbeskermingsportefeulje; en
- 'n Portefeulje wat verskansing teen rentekoersskommelinge bied.

SURF bied ook aan lede wat hul fondskrediet volgens Islamitiese beginsels wil belê, die keuse om in die Old Mutual Albaraka Balanced Shari'ah Portfolio te belê. Lede wat kies om in die Shari'ah-portefeulje te belê, kan nie terselfdertyd aan die lewensfase-beleggingstrategie deelneem nie. Lede kan egter op enige tydstip uit die Shari'ah-portefeulje na die lewensfase-beleggingstrategie terugskuif.

Die Raad van Trustees monitor en evalueer deurlopend SURF se beleggingstrategie. Hierdie proses behels onder meer dat die beleggingsportefeuljes, strategiese batetoewysing asook die prestasie van al die onderliggende batebestuurders geëvalueer word.

Raadpleeg asseblief 'n geakkrediteerde finansiële adviseur as jy enige van die beleggingsopsies op die lys hierbo wil benut.

Hoe het die Fonds se portefeuljes tot 31 Desember 2020 presteer?

Groeiportefeulje

'n Opsomming van die Groeiportefeulje se opbrengste tot 31 Desember 2020 verskyn in die tabel hieronder:

Tydperk	Groei-portefeulje	Portuurgroep-topkwartiel*	Inflasie plus 5%
12 maande	7.8%	9.3%	8.2%
36 maande	5.8%	6.1%	9.0%
60 maande	8.1%	6.0%	9.8%

** Die portuurgroep-topkwartiel bestaan uit die beleggingsbestuurders wat driekwart van hul portuurgroep oortref het. Die portuurgroepmaatstawwe word van die Willis Towers Watson Industry Median opname afgelei.*

Dit is belangrik om te onthou dat spaar vir aftrede 'n langtermynbelegging is. Moet dus liewer nie te veel op korttermyn-beleggingsopbrengste fokus nie. Dit is egter verblydend om te sien dat die Groeiportefeulje die portuurgroep-topkwartiel oortref het oor die metingstydperk van vyf jaar tot 31 Desember 2020.

Vir meer inligting oor die opbrengste wat deur die onderliggende portefeuljes behaal is, besoek gerus http://www.retirementfundweb.co.za.

Die tabel hieronder gee 'n opsomming van die opbrengste (na aftrekking van fooie) van SURF se portefeuljes tot 31 Desember 2020:

Portefeulje	Aanvang	Opbrengs oor 12-maande tydperk	Inflasie oor 12-maande tydperk	Opbrengs sedert aanvang (p.j.)	Inflasie sedert aanvang (p.j.)
Groei	01/04/2009	7.8%	3.1%	12.3%	4.9%
Aggressiewe Absolute	01/02/2017	8.1%	3.1%	7.7%	4.0%
Konserwatiewe Absolute	01/02/2017	7.6%	3.1%	7.9%	4.0%
Kapitaalbeskerming	01/04/2009	6.5%	3.1%	7.4%	4.9%
Shari'ah	01/12/2017	3.5%	3.1%	4.2%	3.9%

Die Groeiportefeulje se eenjaar-opbrengs van 7.8% was bevredigend teen die agtergrond van marktoestande oor die afgelope jaar. Die reële opbrengs van die Groeiportefeulje sedert aanvang is 'n uitstekende 7.4% p.j.

Die Aggressiewe Absolute Opbrengsportefeulje se eenjaar-opbrengs van 8.1% was baie bevredigend met inagneming van marktoestande oor die afgelope jaar. Die reële opbrengs van hierdie portefeulje sedert aanvang is 3.7% p.j.

Die Konserwatiewe Absolute Opbrengsportefeulje se eenjaar-opbrengs van 7.6% was ook baie bevredigend met inagneming van marktoestande oor die afgelope jaar en die risikoprofiel van die portefeulje. Die portefeulje het sedert aanvang 'n baie goeie reële opbrengs van 3.9% p.j. behaal.

Die Kapitaalbeskermingsportefeulje het 'n eenjaar-opbrengs van 6.5% aangeteken en sedert aanvang 'n baie goeie reële opbrengs van 2.5% p.j. behaal.

Die Shari'ah-portefeulje se eenjaar-opbrengs van 3.5% het effens teleurgestel. Die portefeulje het sedert aanvang 'n reële opbrengs van 0.3% p.j. behaal.

6. Beleggingsbeleidsverklaring

Die Beleggingsbeleidsverklaring van die Fonds bestaan uit twee afdelings, naamlik Grondbeginsels en Implementering. In die afdeling Grondbeginsels word meer besonderhede verstrek oor die Fonds se missie, die kernbeleggingsoortuigings wat deur die Raad van Trustees aanvaar is, die beleggingsmodel, portefeulje-samestelling, keuring van bestuurders, keuse van indekse (maatstawwe), ESG-beleid (oor omgewing-, veiligheid- en gesondheidsake), fooibeginsels en belangebotsings. Die Implementeringsafdeling verskaf meer besonderhede oor elk van die Fonds se lidbeleggingskeuse-portefeuljes asook die lewensfase-model.

Die Fonds se Beleggingsbeleidsverklaring is in 2020 hersien en die volgende veranderings is aangebring:

A. Veranderings aan die Grondbeginsels:

- Geringe wysigings aan die bewoording van die beleggingsoortuigings, hoofsaaklik om 'n beter verklaring daarvan te gee.

B. Veranderings aan die Implementeringsafdeling:

- Gedurende 2020 is twee nuwe bateklasse by die Groeiportefeulje ingesluit, naamlik internasionale privaat ekwiteit (via die Sygnia Oxford Sciences Innovation Fund) en internasionale genoteerde infrastruktuur (via Maple-Brown Abbott se fonds). Veranderings is aan die Implementeringsafdeling aangebring om dit te weerspieël.
- Die langtermyn-aannames met betrekking tot die verwagte reële opbrengste en risiko vir die verskillende bateklasse is bygewerk.
- Die annuïteitstrategie is hersien en bygewerk.

Sanlam

memberalert

Sanlam Korporatief

VERANDERINGE IN AFTREEHERVORMING Januarie 2021

Veranderinge in aftree-hervorming

Wat jy moet weet

Die regering het die afgelope paar jaar die wette wat die aftreefondsbedryf beheer, hersien en verander. Die doel van hierdie aftreehervormings is om seker te maak dat jy genoeg vir jou aftrede spaar en dat jou spaargeld beskerm word.

Sekere veranderinge wat in Maart 2015 sou plaasvind tree nou op 1 Maart 2021 in werking.

Dit staan as "T-Dag" bekend.

Hoe raak dit jou?

- T-dag-reëls is slegs van toepassing op hoe jou aftreevoordele volgens jou voorsorgfonds of voorsorgbewaringsfonds betaal word.
- Niks verander as jy voor aftrede uit die fonds onttrek nie – jy kan steeds al jou spaargeld in kontant neem.
- Die aftreevoordele van voorsorgfondse of voorsorgbewaringsfondse is vanaf 1 Maart 2021 aan dieselfde reëls as pensioenfondse onderworpe.
- Jou lidaandeel bestaan uit twee gedeeltes:



As jy op **1 Maart 2021** 55 jaar of ouer is, word jy nie deur enige van die nuwe reëls geraak nie – solank as wat jy by dieselfde voorsorg- of voorsorgbewaringsfonds bly.

Hoe raak T-Dag jou aftreevoordeel vanaf 1 Maart 2021?

Kyk watter van die sirkels op jou van toepassing is en lees dan net daardie gedeelte

Jy is op **1 Maart 2021 jonger as 55 jaar**, en

Jy spaar in 'n **voorsorgfonds** of **voorsorgbewaringsfonds**

Jy het 'n **"Vestigende" lidaandeel** (vestigende regte)

- Al jou spaargeld soos op 28 Februarie 2021 (plus rente daarop) sal in hierdie gedeelte wees.
- Jy kan hierdie gedeelte in kontant neem wanneer jy aftree.

+

'n **"Nie-vestigende" lidaandeel** (nie-vestigende regte)

- Al jou spaargeld (en rente daarop) is vanaf 1 Maart 2021 in hierdie gedeelte.
- As hierdie gedeelte R247 500 of minder is, kan jy hierdie gedeelte in kontant neem wanneer jy aftree.
- As hierdie gedeelte meer as R247 500 is, kan jy een derde hiervan in kontant neem wanneer jy aftree. Jy moet die oorblywende twee derdes gebruik om 'n pensioen aan te koop.

Jy is **55 jaar of ouer** op **1 Maart 2021**, en

Jy spaar in 'n **voorsorgfonds** of **voorsorgbewaringsfonds,** en

Jy **bly** in **dieselfde fonds** tot jy aftree

Jy het 'n **"Vestigende" lidaandeel** (vestigende regte)

- Al jou spaargeld soos op 28 Februarie 2021 (plus rente daarop), en al jou spaargeld vanaf 1 Maart 2021 (plus rente daarop) sal in hierdie gedeelte wees.



Jy kan al jou spaargeld in hierdie gedeelte, plus rente daarop, in kontant neem wanneer jy aftree.

Jy is 55 jaar of ouer op 1 Maart 2021, en

Jy spaar in 'n **voorsorgfonds** of **voorsorgbewaringsfonds**, en

Jy **dra jou geld** ná 1 Maart 2021 **oor na 'n nuwe fonds**

Jy het 'n **"Vestigende" lidaandeel** (vestigende regte)

- Al jou spaargeld soos op die oordragdatum / wat jy in die ou fonds gespaar het (plus rente daarop), is in hierdie gedeelte.
- Jy kan hierdie gedeelte in kontant neem wanneer jy aftree.

+

'n **"Nie-vestigende" lidaandeel** (nie-vestigende regte)

- Al jou spaargeld (plus rente daarop) in die nuwe fonds sal in hierdie gedeelte wees.
- As hierdie gedeelte R247 500 of minder is, kan jy hierdie gedeelte in kontant neem wanneer jy aftree.
- As hierdie gedeelte meer as R247 500 is, kan jy een derde hiervan in kontant neem wanneer jy aftree. Jy moet dan die oorblywende twee derdes gebruik om 'n pensioen aan te koop.

8. Die inperkings het beklemtoon hoe belangrik dit is om vir tye van nood te spaar

In 'n onlangse opname oor die impak van die inperkings in Suid-Afrika op lewensonderhoud en die geldsake van huishoudings, is die volgende terugvoer ontvang:

"Respondente het aangedui dat huishoudings finansieel onder druk was, selfs al het hulle steeds 'n inkomste verdien. In baie gevalle het respondente se lewensmaat of ander gesinslede 'n verlaagde inkomste of geen inkomste ontvang nie, wat meegebring het dat baie huishoudings nie hul finansiële verpligtinge kon nakom nie, en in sommige gevalle nie eens hul persoonlike behoeftes kon dek nie. Respondente het aangedui dat hulle noodgedwonge om persoonlike banklenings moes aansoek doen of geld by familie en vriende moes leen. Ander het gesê dat hulle heelwat meer skuld moes aangaan om die pot aan die kook te hou. In 'n poging om maandelikse uitgawes te verminder, het baie respondente dit oorweeg om intekengelde en korttermynversekering prys te gee, terwyl ander oorweeg het om hul huis, voertuie en ander besittings te verkoop, waaronder aandele wat deur hul maatskappy aan hulle toegeken is. Dat die impak van die pandemie beduidende stres veroorsaak het, blyk uit die feit dat 70% van die respondente erken het dat hulle stres ervaar, en dat die stres waarskynlik nog 'n geruime tyd gevoel sal word."

Baie min van ons het gedink die "tye van nood" sou in die vorm van 'n verpletterende virus en die streng inperkings aanbreek, wat veroorsaak het dat baie gesinne die situasie ervaar wat hierbo geskets word. Maar soos die gesegde lui, daar is altyd 'n geluk by 'n ongeluk. Daar is lesse wat ons kan leer uit moeilike tye, wat wys hoe aanpasbaar ons as mense is. Om vir onvoorsiene gebeurlikhede sowel as vir voorsiene gebeurtenisse soos aftrede te spaar, behoort beslis bo-aan die lys van voornemens vir 2021 en daarna te wees.

Uiteraard beteken spaar om voordeel te trek uit saamgestelde rente – 'n goudmyn van die finansiële wêreld wat dikwels afgeskeep word. Anders as enkelvoudige rente, stel saamgestelde rente jou in staat om rente op jou kapitaal EN verdere rente op jou rente te verdien. Die doeltreffendheid van saamgestelde rente as 'n spaarinstrument is die beste waarneembaar met verloop van tyd: hoe langer die geld onaangeraak bly, hoe groter is die totale bedrag waarop maandelikse rente verdien word. Hier is 'n paar goeie finansiële gewoontes om toe te pas en op dié manier die maksimum voordeel uit saamgestelde rente te kry:

- Begin vroeg of so gou as moontlik spaar, met so baie geld as moontlik. Pas dan spaardissipline toe om gereeld geld te belê. Waar moontlik, herinner jouself om bykomende bydraes te lewer in maande wanneer jy los kontant het.
- Vir jou beleggingsukses is dit uiters belangrik om 'n hoogaangeskrewe diensverskaffer te kry. Doen soveel navorsing as moontlik, kry 'n eerste en tweede professionele mening, en maak seker dat jy al die feite het. As jy nou geld aan finansiële advies bestee, kan dit jou in die toekoms geweldig baie spaar.
- 'n Maandeliks saamgestelde koers is minder as 'n jaarliks saamgestelde koers. As jy 'n belegging vir minder as vyf jaar hou, sal jy waarskynlik nie maksimum opbrengste behaal nie. Hoe langer jy die geld belê om rente te verdien, hoe gouer sal dit beduidende eksponensiële groei begin toon.
- Die herbelegging van jou rente (d.i. samestelling) is 'n baie doeltreffende manier om die voordele van saamgestelde rente maksimaal te benut. Hoewel die versoeking miskien groot is om die rente jaarliks te onttrek, lê die groter beloning juis daarin om dit te herbelê om jou spaargeld verder te laat groei.
- Vind meer uit oor al die fooie wat aan jou belegging verbonde is. Dis veral belangrik om te weet wat die voorwaardes vir die onttrekking van jou belegging is. Jy moet weet wanneer jy dit mag onttrek, hoeveel jy kan onttrek, en watter strafheffings van toepassing is.

Hier is nog 'n bevinding van die opname:

"Ongeveer die helfte van die respondente het aangedui dat hulle hul aftreespaargeld in kontant sou neem as wetgewing dit sou toelaat."

As jy **spaargeld** beskikbaar het vir onvoorsiene gebeurlikhede soos noodgevalle of pandemies, soos ons tans ervaar, plaas dit minder druk op bydraes en geld wat vir beplande gebeurtenisse soos aftrede gespaar word.

Kom ons maak spaar 'n prioriteit: gesels met jou finansiële adviseur om jou te help sodat saamgestelde rente vir jou kan werk.

9. Elektroniese voordeel- en projeksiestate

Sedert 2020 stuur SURF beide voordeel- en projeksiestate elektronies aan lede via InfoSlips. Lede kan toegang tot hul state kry deur middel van 'n aanhangsel wat per e-pos aan hulle gestuur word. Die state word beskerm deur 'n wagwoord, wat jou identiteitsnommer of jou paspoortnommer sal wees. Harde kopieë van state sal nog steeds gelewer word aan lede wat nie toegang tot e-pos of die internet het nie. Lede kan ook toegang kry tot alle state wat via bogenoemde platform aan hulle gestuur word, deur hul identiteitsnommer as wagwoord te gebruik.

Onthou, die projeksiestaat wat by jou voordeelstaat ingesluit is, is bloot 'n riglyn om die geraamde maandelikse pensioen soos op die normale aftreedatum te bepaal. Daarom is dit belangrik dat jy eers 'n finansiële adviseur raadpleeg voordat jy enige besluite

oor jou aftrede neem. Die werklike waarde van die maandelikse pensioen kan eers bepaal word wanneer die pensioen gekoop word. Neem asseblief kennis dat die geraamde maandelikse pensioen uitgedruk word as 'n persentasie van jou maandelikse pensioengewende inkomste. Dit is belangrik om in gedagte te hou dat die pensioengewende inkomste wat vir die projeksies gebruik word, vir die meeste personeellede 75% van hul koste van indiensneming (totale salarispakket) beloop.

Die aannames waarop die projeksiestate berus, is dieselfde as dié wat deur die pensioenberekenaar (**Retirement Calculator**) op Sanlam se aftreefonds-webwerf (**Retirement Fund Web**) gebruik word.

Met die berekening van die geraamde pensioen by aftrede neem die projeksiestate van 31 Desember 2020 ook die na-aftrede mediesefonds-subsidie in ag waarvoor sommige lede kwalifiseer. Dit is 'n waardevolle voordeel en wys watter verskil dit aan jou aftreeprojeksies maak.

Jou voordeelstaat bevestig jou fondswaarde soos op 31 Desember 2020 en jou aftreefondsbydraes vanaf 1 Januarie tot 31 Desember 2020, asook aftree-, sterfte- en ongeskiktheidsvoordele. Gaan asseblief die inligting op jou voordeelstaat na en kontak Menslike Hulpbronne se kliëntedienssentrum (+27 (0) 21 808 2753 / sun-e-hr@sun.ac.za) indien enige besonderhede op die staat nie korrek is nie.

Jy sal voortaan jou vorige voordeel- en projeksiestate op **InfoSlips Viewer** kan bekyk. Om dit te kan doen, moet jy op InfoSlips Viewer registreer.

Hier is 'n paar eenvoudige stappe wat jy kan volg om toegang tot jou state te verkry:

- Gaan na https://viewer.infoslipscloud.com en klik op "Register" onderaan die bladsy.
- Jou gebruikernaam is jou e-posadres. Tik 'n wagwoord in wat jy sal onthou. Die wagwoord moet 'n Hoofletter, syfer en akroniem bevat.
- Klik op "Register".
- Kies Suid-Afrika as 'n land.
- Kies jou e-pos en "Sign up".
- InfoSlips sal vir jou 'n sms as bevestiging stuur, sodat die gebruiker die registrasieproses kan voltooi.
- Klik op die skakel in die SMS vir die gebruiker om 'n aanmeldprofiel te skep, en kies dan "Update" om die registrasieproses te voltooi.
- By voltooiing kan die gebruiker aanmeld deur die profiel te gebruik wat geskep is, en na alle vorige state kyk.

10. Bydraes tot die Fonds

In 2020 het die Fonds die minimum bydraekoers tot SURF tot 5% van pensioengewende salaris (bydraes tot risikovoordele uitgesluit) verlaag. Dit is gedoen om aan lede 'n mate van finansiële verligting te bied gedurende die moeilike finansiële omstandighede wat deur die COVID-19-verwante inperkings veroorsaak is. Lede kon hul vergoedingspakket herstruktureer deur 'n laer bydrae-opsie te kies.

Die verlaging van bydraes tot die aftreefonds vir 'n kort tydperk sal nie 'n nadelige uitwerking op lede se geraamde pensioenverhouding (GPV) hê nie. Volgehoue lae bydraes sal egter die GPV verminder en meebring dat lede nie genoeg gespaar het om gemaklik te kan aftree en hul lewenspeil gedurende aftrede te kan volhou nie. Daarom moedig die Raad van Trustees lede aan om hul bydraes tot SURF te verhoog sodra hul finansiële situasie herstel.

Om lede te help om hul bydraes tot SURF te verhoog, het die trustees besluit om bydraes outomaties in intervalle van 2.5% per jaar te verhoog vir lede wat minder as 15% van pensioengewende salaris bydra. Die eerste inkrementele verhoging van 2.5% het in Januarie 2021 begin en sal voortgaan totdat die lid die bydraevlak van 15% van pensioengewende salaris bereik.

Terwyl Suid-Afrika en die res van die wêreld die inentingsfases van die pandemie nader, kan dit die weg baan vir 'n goeie herstel en groeigeleenthede in die markte, en daarom sal lede hulle miskien op die beste moontlike manier wil voorberei om voordeel te trek uit enige geleentheid wat kan ontstaan. Daarom wil ons lede wat die bydraevlak van 15% van pensioengewende salaris kan bekostig, aanmoedig om hul bydraes so gou as moontlik weer tot hierdie vlak te verhoog.

Verder, indien daar lede is wat nie die outomatiese inkrementele verhoging van 2.5% van pensioengewende salaris kan bekostig nie, kan hulle kies om dit nie te implementeer nie, deur Menslike Hulpbronne se kliëntedienssentrum te kontak (+27 (0) 21 808 2753 / sun-e-hr@sun.ac.za). Lede moet saam met hul finansiële adviseur die voordele en nadele opweeg voordat hulle oorweeg om nie die verhoging te aanvaar nie.

Dit is nog steeds elke lid se eie verantwoordelikheid om, in oorleg met hul finansiële adviseur, genoeg vir aftrede te spaar om hul lewenspeil gedurende aftrede te kan voortsit. Saamgestelde rente wat op aftreebeleggings verdien word, beloon diegene wat meer spaar en vroeër begin spaar.

ONTHOU:

Bydraes tot aftreespaarprodukte is belastingaftrekbaar tot 27.5% van "besoldiging" of "belasbare inkomste", wat ook al die grootste is, onderhewig aan 'n maksimum van R350 000 per jaar. SURF laat lede toe om tot 35% van pensioengewende salaris by te dra.

Pensioengewende salaris is 75% van totale koste vir die maatskappy, en is dus min of meer dieselfde as 27.5% van besoldiging of belasbare inkomste soos deur die SA Inkomstediens toegelaat word.

Jy kan ook maandelikse Addisionele Vrywillige Bydraes (AVB's) of 'n enkelbedrag-AVB tot die Fonds lewer. Dit is addisionele bydraes tot jou aftreefonds en die werkgewer se betaalafdeling trek dit direk van jou salaris af.

AVB's stel jou in staat om jou aftreespaarfonds te verhoog, en geen administrasiefooi is daarop betaalbaar nie. Dit beteken dit kos jou niks ekstra om addisionele vrywillige bydraes tot SURF te lewer nie. Jy sal baat vind by die gunstige beleggingsfooie as gevolg van skaalvoordele wat met die kollektiewe grootte van die Fonds se belegging verkry word. Die AVB's sal in dieselfde beleggingsportefeulje as jou fondsbydraes belê word en verdien dus dieselfde beleggingsopbrengste. Dit beteken jy trek voordeel uit stewige beleggingsopbrengste wat belastingvry is.

Gebruik die **Retirement Calculator** op Sanlam se aftreefonds-webwerf **(Retirement Fund Web)** om te sien watter uitwerking jou *bydraekoers, beleggingskeuse en aftree-ouderdom* op jou pensioen sal hê wanneer jy die normale aftreedatum bereik, wat as jou geraamde pensioenverhouding uitgedruk word.

11. Koste van risikovoordele

Die Universiteit en SURF toets elke jaar die versekeringsmark met die doel om die mededingendste versekeringspremies vir jou bestaande risikovoordele te verkry.

Momentum se tarief vir die versekerde Gade- en Kinderpensioendekking in SURF is vir 2021 verlaag . Die opsie om met die voordeel voort te gaan nadat die Universiteit se diens verlaat is, is verwyder as gevolg van min gebruikmaking hiervan deur lede, en om 'n verdere kostebesparing te bied. Die tariewe vir Groeplewensversekering vir aktiewe lede en pensioenarisse is onveranderd gehou vir 2021.

Voorts was daar onlangs in die mark 'n beduidende styging in die tariewe vir ongeskiktheidsvoordele, weens swak eise-ervaring. Momentum het 'n beduidende besparing aangebied op die tarief vir 2021, in vergelyking met die bestaande versekeraar. Daarom is die Ongeskiktheidsvoordeel van Old Mutual na Momentum geskuif met ingang van 1 Januarie 2021. Die opsie om met die voordeel voort te gaan nadat die Universiteit se diens verlaat is, is verwyder as gevolg van min gebruikmaking hiervan deur lede, en om 'n verdere kostebesparing te bied.

Old Mutual se tarief vir Begrafnisdekking bly onveranderd vir 2021 en hoewel hul tarief vir nie-goedgekeurde Gadedekking gestyg het, is dit steeds die mededingendste tarief.

Die veranderings het in die geheel gelei tot 'n maandelikse besparing van 1.6% in die premies vir risikovoordele vir sommige lede.

ONTHOU!

As jy 'n enkellid is wat nie 'n gade en/of kinders het nie, kan jy kies om nie die versekerde Gade- en Kinderpensioendekking in SURF te ontvang nie. Jy het ook die opsie om addisionele dekking van twee maal pensioengewende salaris deur die Groeplewensversekeringskema uit te neem. Klik hier vir toegang tot die vorm op die Menslike Hulpbronne-webwerf.

Indien jy die opsie uitoefen om geen versekerde Sterftevoordeel in SURF te hê nie, en later wel trou en/of kinders kry, sal jy die versekerde Sterftevoordeel in SURF moet kies om te verseker dat daar na jou gade en/of kinders se behoeftes omgesien word indien jy te sterwe kom.

Kontak Menslike Hulpbronne se kliëntedienssentrum by +27 (0)21 808 2753 / sun-e-hr@sun.ac.za vir meer inligting oor hoe om hierdie opsies uit te oefen.

12. Die belangrikheid van 'n testament

Ons is almal swaar getref deur die talle sterftes weens die verpletterende coronavirus, en ons het geliefdes, vriende of kennisse verloor. Dit het veroorsaak dat die gedagte aan die dood deel geword het van ons daaglikse gesprekke. Hoe morbied die gedagte aan 'n testament ook al klink, bly dit 'n werklikheid waaraan ons aandag moet gee. Dit kan die rouproses makliker maak as jou geliefdes – dikwels finansiële afhanklikes – wat agterbly, hulle ten minste nie daaroor ook hoef te bekommer nie.

Hier is 'n paar redes hoekom 'n testament belangrik is. As jy reeds 'n testament het, beskou dit as 'n vriendelike herinnering om dit so gereeld as moontlik by te werk.

- **Jou wense sal uitgevoer word**

  Jy sal die bevrediging smaak om te weet dat jou bates volgens jou wense verdeel sal word, in plaas van dat 'n hof namens jou daaroor besluit. Volgens die Suid-Afrikaanse reg sal die boedel van 'n persoon wat sonder testament sterf, deur die Meester van die Hoë Hof hanteer word, en dié proses kan onnodige ekstra koste meebring.

- **Vermy onnodige konflik in die familie**

  Indien jou begunstigdes duidelik in jou testament bepaal is, sal jy potensiële konflik tussen vorige/huidige gades en/of lewensmaats en kinders uitskakel.

- **Stel voogde aan vir jou minderjarige kinders**

  Dit kan 'n twis tussen gesinne veroorsaak as jy nie duidelik jou wense met betrekking tot jou kinders se voogde uitgestippel het nie, veral as albei ouers gelyktydig sterf. Jy kan ook jou kinders se eie wense oorweeg, as hulle oud genoeg is om die saak te bespreek.

- **Stel 'n eksekuteur aan**

  Indien jou testament nie 'n eksekuteur aanstel nie, sal jou boedel na die Meester van die Hoë Hof gaan om afgehandel te word, en dit kan jare duur. Jou gesin kan gedurende hierdie tyd onder geweldige finansiële druk verkeer.

Jou testament is jou laaste geleentheid om te verseker dat jou wense uitgevoer word – moenie die kans laat verbygaan nie!

Wat van jou aftreefonds- en Groeplewensversekering-sterftevoordeel?

Jou sterftevoordeel in die Fonds maak nie deel uit van jou boedel nie, en kan dus nie in jou testament hanteer word nie. In die geval van jou dood word jou aftreefonds-sterftevoordeel deur artikel 37C van die Wet op Pensioenfondse van 1956 beheer. Daarom is dit net so belangrik om jou begunstigdebenoemingsvorm op datum te hou.

Belangrik: 'n Begunstigdebenoemingsvorm gee uitdrukking aan jou wense, omdat jy daarin aandui aan wie jy wil hê jou fondsvoordeel betaal moet word indien jy te sterwe kom terwyl jy nog by jou werkgewer in diens is. Dit is nodig dat jy jou begunstigde benoemingsdokumente op datum bring in verskillende lewensfases of wanneer jou omstandighede verander.

Selfs as jy nie afhanklikes het nie, moet jy nog steeds 'n begunstigdebenoemingsvorm invul en iemand benoem aan wie jou voordeel betaal moet word. Anders sal jou voordeel aan jou boedel betaal word. Neem egter kennis dat die trustees deur die wet verplig word om enige tekort in jou boedel te dek voordat jou begunstigdes betaal word.

13. Sanlam Retirement Fund Web en Sanlam-app – jou toegang tot SURF

Ons moedig jou aan om op Sanlam se aftreefonds-webwerf en die Sanlam-app (toepassing) te registreer. Dit sal jou **toegang** gee **tot jou persoonlike besonderhede**, en jy sal kan **sien waar jou geld belê is** en wat die **beleggingsportefeulje-opbrengste** is, asook jou **huidige fondskrediet** en **risikovoordele** – alles met die druk van 'n knoppie, 24/7. Die **Retirement Calculator** kan jou help om seker te maak of jy genoeg vir aftrede spaar. Jy sal ook al jou versekerings- en spaarprodukte by Sanlam via een portaal kan nagaan.

Hoe kry ek toegang tot die aftreefonds-webwerf (Retirement Fund Web)?

- Besoek **www.sanlam.co.za**. Klik op *Login* (bo regs) en kies *Secure Services*.
- Kies *Register* en gebruik jou fondslidmaatskapnommer (wat op jou voordeelstaat verskyn) of jou identiteitsnommer.
- Bevestig jou selfoonnommer en e-posadres.
- Kies 'n gebruikerkode / gebruikernaam.
- 'n Tydelike wagwoord sal na jou selfoon gestuur word.

Gebruik hierdie tydelike wagwoord om toegang te kry. Verander die tydelike wagwoord omdat dit net een keer gebruik kan word.

Hoe kry ek toegang tot die app?

Laai die **Sanlam My Retirement-app** af van Google Play Store of Apple App Store. Gebruik jou gebruikerkode en wagwoord vir Sanlam Secure Services om toegang te kry tot jou SURF-inligting.

14. Bestuur van die Fonds

SURF se Raad van Trustees bestaan uit vyf werkgewer- en vyf lidtrustees.

Naam	Hoedanigheid	Agtergrond	Huidige termyn verstryk
Prof. Niel Krige	Voorsitter en Werkgewertrustee	Prof. Krige is buitengewone professor by USB en dien sedert 18 November 2005 as 'n trustee.	17 November 2023
Prof. Johann de Villiers	Werkgewertrustee	Prof. De Villiers is 'n professor in die Departement Besigheidsbestuur en dien sedert 1 November 2000 as 'n trustee.	31 Oktober 2021
Mnr. Manie Lombard	Werkgewertrustee	Mnr. Lombard is Hoofdirekteur: Finansies en dien sedert 5 Mei 2011 as 'n trustee.	4 Mei 2023
Mnr. Victor Mothobi	Werkgewertrustee	Mnr. Mothobi is Hoofdirekteur: Menslike Hulpbronne en dien sedert 1 Januarie 2018 as 'n trustee.	31 Desember 2023
Mnr. Johan van der Merwe	Werkgewertrustee	Mnr. Van der Merwe is mede- uitvoerende hoof van African Rainbow Capital en dien as 'n direkteur in die direksies van verskeie maatskappye. Hy is sedert 5 Februarie 2019 'n trustee.	4 Februarie 2022
Prof. Tanja Ajam	Lidtrustee	Prof. Ajam is 'n professor by die Skool vir Publieke Leierskap. Sy het sedert 7 Desember 2019 as 'n sekundus-trustee gedien en is sedert 28 Augustus 2020 'n volle lidtrustee.	6 Desember 2022
Mnr. Ché Bermosky	Lidtrustee	Mnr. Bermosky is 'n regsadviseur by die Universiteit. Hy het sedert 1 Januarie 2018 as 'n sekundus-trustee gedien en is sedert 7 Desember 2019 'n volle lidtrustee.	6 Desember 2022
Mnr. Peter Kirsten	Lidtrustee	Mnr. Kirsten is werksaam in die Vergoedings- en Voordele-afdeling van die Departement Menslike Hulpbronne en dien sedert 7 Desember 2016 as 'n trustee.	6 Desember 2022
Prof. Wikus van Niekerk	Lidtrustee	Prof. Van Niekerk is Dekaan van die Fakulteit Ingenieurswese en dien sedert 7 Desember 2013 as 'n trustee.	6 Desember 2022
Prof. Johan van Rooyen	Lidtrustee	Prof. Van Rooyen is 'n medeprofessor in die Departement Besigheidsbestuur en dien sedert 7 Desember 2010 as 'n trustee – aanvanklik as 'n sekundus-trustee en later as 'n volwaardige trustee.	6 Desember 2022
Mnr. J.P. Steyn	Sekundus-lidtrustee	Mnr. J.P. Steyn is van die Departement Besigheidsbestuur en dien sedert 28 Augustus 2020 as 'n sekundus-trustee.	6 Desember 2022

Mnr. Japie Kotzé, 'n direkteur in die Departement Menslike Hulpbronne, is sedert 1 Desember 2012 die hoofbeampte van die Fonds.

15. Finansiële advies beskikbaar vir lede van 53 en ouer

Ons herinner jou dat SURF vir lede van 53 en ouer 'n gratis finansiële adviesdiens aanbied, wat verskaf word deur 'n paneel van vyf voorkeurdiensverskaffers. Lede wat aftrede oorweeg of individuele beleggingskeuses wil uitoefen, word aangemoedig om die adviesdiens te benut.

Die diensverskaffers is:

Alexander Forbes Finansiële Beplanningskonsultante:
+27 (0) 21 809 3750 | wesselsw@aforbes.co.za

Efficient Wealth:
+27 (0) 21 914 8030 | andrew@efw.co.za

FinFocus:
+27 (0) 21 861 7000 | usafadvies@finfocus.co.za

Graviton:
+27 (0) 21 883 9192 | arissik@gravitonwm.com

Sanlam Finansiële Advies:
+27 (0)21 947 1028 | hanlie.wethmar@sanlam.co.za

SURF sal vir twee konsultasies by een van die voorkeurdiensverskaffers betaal. Die eerste konsultasie kan enige tyd vanaf ouderdom 53 gereël word, en die tweede een in die 12-maande voor aftrede. Dis maklik om hierdie diens te gebruik – volg net hierdie stappe:

1. Kies 'n diensverskaffer.
2. Kontak die MH Kliëntedienssentrum (+27 (0) 21 808 2753 | sun-e-hr@sun.ac.za) om 'n konsultasiekoepon te kry.
3. Maak 'n afspraak met jou gekose diensverskaffer en neem die koepon saam as bewys dat jy geregtig is om die diens te gebruik.

16. Die diensverskaffers van die Fonds

Die volgende diensverskaffers is deur die Raad van Trustees aangestel om met die bestuur van die Fonds te help. Hul pligte word hieronder uiteengesit:

Diensverskaffer	Diens	Funksies wat verrig word
Simeka Konsultante & Aktuarisse	Voordeel- en aktuariële advies	• Advies oor die Fonds se voordeelstruktuur en veranderings in wetgewing. • Hulp met kommunikasie aan lede. • Hulp met die nakoming van korporatiewe bestuurstoesig. • Opstel van 'n jaarlikse aktuariële waardasie om die finansiële gesondheid van die Fonds te bepaal.
Willis Towers Watson	Beleggingsadvies	• Advies oor die Fonds se beleggingstrategie. • Bystand met die keuring en evaluering van beleggingsbestuurders.
Sanlam Aftreefonds Administrateurs	Fondsadministrasie	• Maandelikse elektroniese vaslegging van bydraes. • Oorplasing en onttrekking van fondse na en vanaf die batebestuurders. • Betaling van eise. • Uitreiking van voordeelstate. • Daaglikse boekhouding, en opstel van die finansiële jaarstate.
ABSA Bank	Bankiers	• Alle fondstransaksies vloei deur die Fonds se bankrekening.
Momentum	Versekeraar	• Versekering van die Sterftevoordeel (Gade- en Kinderdekking) soos omskryf in die Fondsreëls.
Sygnia Allan Gray Coronation Ninety One Sanlam Old Mutual Stanlib	Batebestuurders	• Bestuur van die beleggings van die Fonds volgens die mandate waaroor met die Raad van Trustees ooreengekom is.
Ernst & Young Geïnk.	Ouditeure	• Doen eksterne oudits.

17. Belangrike kontakbesonderhede

As jy meer inligting oor USAF nodig het, kan jy met die Vergoedings- en Voordele-afdeling of die voordeelkonsultant in verbinding tree. Kontak die hoofbeampte indien jy enige klagtes oor USAF het.

Hoofbeampte	**Japie Kotzé** **Tel:** +27 (0)21 808 2754 **E-Pos:** jjsk@sun.ac.za
Voordeelkonsultant	**Alfreda April** **Tel:** +27 (0)21 912 3316 **E-Pos:** alfreda@simekaconsult.co.za
Vergoedings- en Voordele-afdeling	**Peter Kirsten** **Tel:** +27 (0)21 808 3740 **E-Pos:** pkirsten@sun.ac.za
Pensioenfondsberegter (PFB)	**E-Pos:** enquiries@pfa.org.za Lede kan die PFB kontak indien hul klagtes nie bevredigend deur die Fonds hanteer is nie. Raadpleeg asseblief die PFB se webblad (www.pfa.org.za) vir meer besonderhede.